Die Heilige Gees laat ons Christus as God aanbid. Bose geeste wil ons soos God laat wees

ds. PJ Kriel 14.06.2020

Inhoud Johannes 4. Tempel Inwoning Bose geeste. Ds. Petrus Kriel Hierdie preek wys die verskil tussen die inwoning van Christus in sy kerk deur die Heilige Gees en die vervulling van die kerk met die gees van afgodsdiens deur die verskil tussen die tempel in Jerusalem teenoor die afgodstempels van Jerobeam in Dan en Bet-El uit te wys.

Skriflesing 1 Konings 8: 22, 23, 27 – 30, 52, 53; 12: 26 -- 31; Joh. 4: 25

Teks Joh. 4: 24: "God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur Gees en in waarheid aanbid."

Tema Die Heilige Gees laat ons Christus as God aanbid. Bose geeste wil ons soos God laat wees.

1. Ons gaan vanoggend begin met drie preke wat handel oor die kerk as die tempel of die geestelike huis waarin God woon, soos Paulus dit verwoord in Efesiërs 4: 19 – 22. Met hierdie preke wil ons kyk na die saak wat genoem word die inwoning van die Heilige Gees.

In die Boek 1 Konings kry ons twee tempel-inwydings: die tempel in Jerusalem deur Salomo en die inwyding van die twee tempels in Dan en Bet-El in Israel deur koning Jerobeam. Dit gaan in ons taal vandag oor twee soorte kerkgebou-inwydings. Twee soorte kerkgebou-inwydings wat die verskil tussen die inwoning van God se Gees en die gees van afgode uitwys.

Salomo se tempel was nie ŉ gebou wat opgerig was waarin God moes kom bly nie. Dit is die geloofsbelydenis in Salomo se gebed – God bly nie binne in die tempel wat Hy gebou het nie. In sy gebed maak Salomo ŉ baie duidelik onderskeid tussen God se woning en die tempel wat hy gebou het as ŉ plek waar God sy Naam vestig.

2. Hy stel dit só in sy gebed met die inwyding van die tempel in Jerusalem!

"Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het?" (vers 27) Hiermee saam vra Salomo dat God sy volk se gebede in sy hemelse woonplek sal aanhoor. (vers 30) Dit is die refrein deur sy hele gebed dat God uit die hemel die volk se gebede sal verhoor. (verse 32, 34, 36, 39, 43 en 49)

Met hierdie gebed bevestig Salomo dat die tempel wat hy gebou het nie ŉ blyplek vir God is nie. ŉ Blyplek is ŉ plek wat iemand insluit, bevat. Uitdruklik stel hy dat God deur niks omvat of bevat kan word nie. Selfs die hoogste hemel is nie God se blyplek nie. God is só alomteenwoordig in sy skepping en buite sy skepping dat niks vir God ŉ blyplek kan wees nie.

Mense het blyplekke en woon in blyplekke. God het nie ŉ blyplek en woon nie in ŉ blyplek nie. Daarom kan die woord “woning”, “God woon” of “God se woning” nooit beteken God se blyplek nie. Die uitdrukking dat God uit sy “hemelse woning” gebede verhoor beteken ook nie uit sy “hemelse blyplek” nie. Dit verwys na God wat as God, as Persoon gebede verhoor!

“God woon” beteken die wyse waarop God as God teenwoordig is.

Dit is hoe die apostel Johannes dit aankondig: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien.” (Joh. 1: 14) Dit beteken nie God het blyplek kom maak onder mense nie. Dit beteken God het Hom in sy liefde en genade vir sy kerk teenwoordig gemaak deur vir hulle die sondaar te wees in hulle plek. “Woon” is hoe God op ŉ besondere wyse as God vir kerk teenwoordig is.

3. Teenoor God wat in die hemel woon, stel Salomo duidelik die tempelgebou as die plek waar God sy Naam gevestig het, waarhéén hulle moet bid!

Die aanduiding dat hulle na die tempel waar God se Naam gevestig is, moet bid, is bepalend. Ons moet onthou dat daar in die hele Israel net een tempel mag gewees het, geen ander tempel op geen ander plek nie. Dit word in Deuteronomium 12 só gestel: “ Vernietig elke plek waar die nasies vir wie julle gaan verdryf, hulle gode gedien het: op hoë berge, op heuwels en onder elke groen boom. Breek hulle altare af, breek hulle klippilare stukkend:verbrand hulle gewyde pale, vernietig hulle afgodsbeelde en verwyder elke teken van hulle bestaan uit die land uit. Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop ander nasies gode dien nie. Julle moet na die wil van die Here vra op die plek wat die Here sal kies om uit al die stamgebiede sy Naam daar te vestig en daar te woon.” (vers 2 – 5)

Die tempel was nie bedoel as die enigste bidplek nie. Inteendeel, juis enige plek en nie op spesiale bidplekke nie kon die Israeliete die Here se Naam aanroep. Die afbreek van alle ander tempels op alle ander plekke was juis uit die geloof dat daar nie spesiale bidplekke is waar hulle God moet aanbid nie.

Die een tempel waarheen hulle moes bid, was bedoel as die gebed wat God aanroep volgens die wyse waarop God Homself bekend maak in die tempel. Dit is wat “Naam vestig” beteken. Dit beteken dat God Homself in die tempel in Jerusalem op ŉ baie spesifieke wyse bekend maak en Hy orals só aanbid moet word, op enige plek en enige tyd.

4. Hoe maak God hom in die tempel in Jerusalem bekend?
Deur die tekens van die verbondsark en die offers wat God gee om in die tempel by die verbondsark te offer. Dit is wesenlik belangrik. Wat was daar nie binne in die

tempel in Jerusalem nie? Daar was nie ŉ god binne in die tempel nie, nie ŉ god nie en ook geen beeld van ŉ god nie! Net die verbondsark!

Daarom kon die offers ook nooit offers vir God in sy tempel gewees het nie want Hy is nie in die tempel nie. Die verbondsark en offers was net hoe God sy Naam daar openbaar het.

Hoe het die Here Homself deur die ark en offers openbaar?
As die Here wat deur sy verbond met sy volk teenwoordig is en hulle nie vir hul sonde laat offer nie, maar tekens gee dat Hyself vir hulle ŉ offer in hul plek vir hulle gee. God is in sy verbondsliefde en trou met sy volk, sonder dat hulle vir hul sondes geoffer word. Dit is hoe God sy Naam gevestig het in die tempel, Homself bekend gemaak het om orals aanbid te word in hierdie geloof.

Daarom roep Salomo God in sy verbondstrou en liefde aan wat op hierdie wyse met sy volk teenwoordig is, en wat die tempel wys hoe hulle God orals as teenwoordige Here wat onder hulle woon moet aanbid.

5. Hoe verskil dit van die tempel-inwyding van die twee tempels in Dan en Bet-El deur koning Jerobeam?

Kyk wat doen hy en hoe kondig hy wat hy doen vir die Israeliete aan!

“Koning Jerobeam het toe met sy raadgewers oorleg gepleeg en twee goue kalwerbeelde gemaak. ... Toe sê hy: “Julle het lank genoeg Jerusalem toe gegaan, Israel; hier is nou die beelde van julle God wat julle uit Egipte laat trek het.”(1 Kon. 12: 28).

Kan u hoor wat hier gebeur? Hy doen presies wat Aaron by die berg Sinai gedoen het. Hy maak goue kalwerbeelde en noem hulle “Jahweh”, nie die een God wat julle uit Egipte laat trek het nie, maar nou sommer twee “Jahweh’s” , sommer twee gode vir twee tempels. Dit terwyl hy en sy raadgewers presies weet wat met die volk by Sinaiberg gebeur het.

Hoekom doen hulle dit nogtans moedswillig? Want só is Moses en sy God weg en kan hulle nou Jerobeam en sy gode vereer vir alles wat God vir hulle gedoen het.

Dit is berekend! Hy self bring nou offers vir die gode wat hy opgemaak het, stel self die geestelikes aan en maak nuwe feesdae en feestye sodat hy nou die goddelike leier is. Bemagtig as goddelik of in vandag se taal, geestelike! Hy maak godsbeelde waardeur die volk nou uitspattig met God te kere kan gaan, hulle sondige begeertes uitleef as hul geestelikheid, sodat hy hul goddelike koning kan wees. Sy godsbeelde bemagtig hom as ŉ goddelike koning, anders as by Jerusalem waar die koning nie die hoëpriester mag wees nie.

6. Hoe verskil die Here van die tempel in Jerusalem met die gode van die tempels in Dan en Bet-El? Want almal het nou die naam “Jahweh” en almal word vereer as die God wat hulle uit Egipte gelei het!

6.1 Die tempels in Dan en Bet-El het nou gode binne in die tempels. Hulle het gode waaraan mense vir hierdie gode ’n blyplek gegee het wat die gode bevat. Dit terwyl daar in Jerusalem se tempel geen God binne in die tempel is nie. Die Here wat sy Naam gevestig het in tempel in Jerusalem woon in en buite die hele skepping.

6.2 God openbaar Hom in die tempel van Jerusalem met die ark en offers as die lewende God wat in sy magtige teenwoordigheid sy volk binne sy verbondsliefde laat leef . Hy maak hulle offers  tekens dat Hyself instaan vir sondes van sy volk. Hierdie verbondsliefde is God se onderneming dat Hy God is en sorg dat hulle sy kinders is.

In die tempels in Dan en Bet-El is daar nie ’n verbondsark nie. Hier is God nie in sy verbondstrou en liefde teenwoordig nie. Hier is gode in blyplekke wat lewend gemaak word binne in die harte en gees van mense wie hulle aanbid en gee hulle goddelike krag, mag en lewe aan die mense wie hulle lewende gode binne in hulle laat wees.

Daarom is hierdie offers die handeldryf, die onderhandeling  met gode om lewende gode in mense te wees en gode te wees wat mense vir hul offers beloon met goddelike krag, mag en lewe. Die eet van offervleis is nou die viering van mense se eenheid met die goddelike krag, mag en lewe van die gode in blyplekke.

6.3 Nog ’n verskil is dat Jerobeam direk in stryd met die opdrag dat daar net een tempel mag wees, op hoë berge, heuwels en onder groen bome weer nuwe tempels opgerig het in stryd met Deut. 12. Hierdie gode het altyd spesiale bidplekke op spesiale plekke nodig, terwyl die Here met een tempel wys dat Hy enige tyd op enige plek as teenwoordige Here in sy verbondsliefde aangeroep kan word.

7. Waar woon God se Gees?
Ons kan maklik in versoeking kom om te sê God se Gees woon in die tempel in Jerusalem en nie in die tempels in Dan en Bet-El met hul afgodsbeelde nie. Dit is presies die strekking van die Here Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou in Johannes 4.

Toe sy begin aanvoel Jesus is ’n profeet stel sy aan Jesus hierdie vraag: “Ons voorouers het God op hierdie berg aanbid, tog sê julle die plek waar ’n mens God moet aanbid, is in Jerusalem.” Haar vraag verwoord waarmee die Fariseërs en priesters in Jerusalem mee besig was. Hulle was besig om ’n godsdienstige saak uit te maak dat die tempel in Jerusalem die plek is waar God aanbid moet word.

Net een hoofstuk voor hierdie gesprek in Johannes 2 word berig dat Jesus die offerdiere in die tempelvoorhof weggejaag het en die geldwisselaar se tafels omgegooi het met die woorde: “Vat hierdie goed hier weg! Moenie die huis van my Vader ŉ besigheidsplek maak nie.” (Joh. 2: 16) Dit is moenie vir God kom gee wat julle dink god nodig het in ruil vir wat julle van God nodig het nie – sy goddelike lewe, krag en naam nie.

Daarom antwoord die Here haar: “Glo My mevrou, daar kom ŉ tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie.” (Joh. 4: 21) God bly nie in tempels waar Hy aanbid moet word nie, nie in Dan of Bet-El in Samaria nie en ook nie in Jerusalem nie.

Die Here Jesus bevestig dat Jerusalem nooit God se blyplek was nie met die woorde: “Julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid; ons weet wat ons aanbid, want die verslossing kom uit die Jode.” (Joh. 4; 22) Die tempel in Jerusalem het die verlossing van God openbaar, nie vir God blyplek gegee nie.

Daarom woon God se Gees nie in die tempels van Samaria of Jerusalem nie.

8. God se Gees woon onder sondaars wie Christus as Here vertrou en aanbid.

Die ware aanbidders is nie mense wie op spesiale plekke God aanbid omdat God daar bly nie. Ware aanbidders is hulle wie die Vader in Gees en waarheid aanbid! Dit openbaar die Here aan die Samaritaanse vrou.

Wat is ware aanbidding in Gees en waarheid? Die uitdrukking “Gees en waarheid” is ŉ tipiese dubbele woordbeskrywing vir een saak wat die apostel Johannes gereeld gebruik, net soos die uitdrukking ”uit water en Gees gebore” in Joh. 3: 5 nie twee verskillende dinge is nie maar een en dieselfde saak is.

Jesus is die waarheid! Sy geboorte, veroordeling, kruisiging, dood en opstanding as mens vir sondaars is die waarheid. Daarom stel die Here dat Hy is die weg en die waarheid en die lewe. (Joh. 14: 6) Waar Hy só God is wie mens is vir sondaars, daar woon God se Gees onder hulle. Christus wie God is wat mens is vir ons in ons plek, is hoe God se verbondsliefde waar is. Hy word mens en woon onder ons deur sy Gees.

Daarom is die aanbidding van Jesus Christus in die woorde van Tomas: “My Here en my God”, die Here in wie se hande en sy die merke van die kruis is, die ware aanbidding van en deur die Heilige Gees. (Joh. 20: 27, 28)

Die Gees woon by ons wie Jesus Christus as die Here aanbid wie vir ons sondes gely en uit die dood uit opgestaan het. Die tempel met die verbondsark en offers in

Jerusalem was altyd ŉ teken van hierdie aanbidding van Jesus Christus as Here gewees, God met ons!

9. Watter gees het mense wie God in Dan en Bet-El aanbid?

Paulus beskryf dit in 1 Kor. 10: 19, 20 soos volg: "Wat wil ek daarmee sê? Dat ŉ afgodsoffer of ŉ afgod enige iets beteken? Nee, maar dat dié wat aan hulle offer, aan bose geeste offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle moet met bose geeste gemeenskap hou nie."

Die gees van die goue kalwerbeelde, offers vir goue kalwerbeelde en geestelike etes saam met die goue kalwerbeelde , is bose geeste! Hiermee beskryf Paulus die gees van afgode in mense. Die gees van afgode is die gees van goddelike krag, mag en lewe van God binne in mense wat "Jesus" genoem word. Die gees van goddelike krag, goddelike mag en goddelike lewe binne in mense is boos omdat dit nie die Gees van God is wat in mense woon nie, maar die gees is wie deel van God se goddelikheid wil wees, maar die Gees van God genoem word. Daarom is bose geeste in hierdie betekenis, die gees van afgodsdiens binne in mense.

Die Gees van Christus wie onder ons woon maak ons nie deel van God se goddelike krag, goddelike mag en goddelike lewe nie. Dit is die Gees wie ons deel maak van God se verbondsliefde en verbondstrou om God met ons te wees. Die Gees van Christus is nie ons gees wat God lewend binne in ons maak nie. Dit is die Gees van die Here wie aan ons die ewige lewe gee, ŉ lewe met Hom in sy liefde. Die Gees van Christus is nie ŉ gees aan wie ons ons lewe en hart en siel en verstand moet opgee en opoffer om in ons in te kom en kragtig binne in ons te word nie. Dit is die Gees van Christus wie ons ŉ nuwe hart, verstand en gees gee om Jesus Christus wie mens geword het as God met ons te aanbid.

Die gees vir wie jy jouself moet opoffer, opgee en oorgee om binne in jou ŉ goddelike krag en mag te word, is die bose afgodsgeeste van Jerobeam in Dan en Bet-El. Die aanbidding van die goue kalwers as manier om deel van hulle goddelike krag, mag en lewe te word, diere wat gras vreet, is bose aanbidding. Boos omdat dit berekend God ontken en alles wie Hy is en wat hy doen, toeskryf aan ŉ godsbeeld in mense se harte, en hierdie godsbeeld die naam van God gee as ŉ doelbewuste vervalsing van God self.

10. Watter Gees woon vandag onder ons?

Die Gees van Jesus Christus wie mens geword het of die bose geeste van afgodsdiens van die Jesusbeelde van Dan en Bet-El?

Die inwoning van die Gees gaan oor die wyse waarop ons aanbid. Aanbid ons Jesus Christus die gekruisigde mens in ons plek, as Here en God met ons in sy liefde en

genade of is ons met geestelike aanbidding besig waarin ons ons self inleef in die goddelikheid van ons eie godsbeelde?

Is ons besig met die aanbidding van die Gees van Christus of die aanbidding van bose geeste? Die onderskeid tussen die aanbidding in geloof in wat die tempel in Jerusalem gewys het en die aanbidding van die afgodsbeelde in Dan en Bet-El wys hierdie verskil in aanbidding vir ons duidelik

Kom ons kyk na die verskil tussen die ware aanbidding in waarheid en Gees teenoor die boosheid van die aanbidding van afgodsbeelde vir wie die name Jesus en die Heilige Gees gegee word

Bose geeste is altyd goddelike geeste wat blyplek soek!
Dit is goddelike geeste wat graag in mense wil inkom sodat hulle in mense kan bly en mense kan beset. Wanneer hulle nie in mense beliggaam word nie, is hulle nie gode nie. Hierdie goddelike geeste moet jy volgens geestelikes in jou lewe innooi sodat hierdie gode binne in jou hart, jou lewe, jou siel en gees kan kom bly. Jy moet ŉ blyplek word vir hierdie goddelike geeste om gode te kan wees. En hierdie bose geeste noem hulle dan Jesus en die Heilige Gees.

Die Gees van Jesus Christus soek nie blyplek nie. Hy wil nie Christus blyplek binne in mense gee om Jesus God binne in hulle te maak nie. Hy verheerlik Christus as God in sy magtige teenwoordigheid in sy hele skepping en buite sy skepping. Daarom getuig Johannes: "Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid." (Joh. 1:14)

Bose geeste is altyd geeste wat op spesiale plekke aanbid moet word.
Spesiale plekke in die natuur, spesiale plekke in geboue en spesiale plekke met spesiale voorwerpe wat uitgestal word. Dit is die bose aanbidding wat al meer en meer ook in die NG kerk soos in baie kerke dwarsoor die hele wêreld beoefen word. Jy moet in kerkgeboue wat oop staan as spesiale plekke kom bid. NG geestelikes en intellektueles maak in Stellenbosch nou gebedstuine waarin jy in die tuin kan wandel en bid. Die tekens van die nagmaal word nou in al in NG geboue uitgestel as ŉ spesiale bidplek waar jy nie die nagmaaltekens gebruik nie maar by die nagmaaltekens as ŉ spesiale stil-plek kom bid.

Die Gees van Christus se inwoning maak dat ons die Here Jesus Christus nie op spesiale plekke aanbid nie, maar op een spesiale manier – as die Woord wat mens geword het en onder ons kom woon het. Die Gees van Christus maak dat ons Hom as God met ons aanbid.

Bose geeste is altyd geesgenote!
Die nuwe wyse van bose aanbidding word populêr "lofprysing" genoem, afgelei van die Engelse "praise and worship". Lofprysing is wanneer jy jouself met gebede so

inleef in God dat jy volgens geestelikes nie maar net God aanroep nie, maar op God se skoot gaan sit. Intiem een is met God se goddelikheid! Bose aanbidding is om God te lofprys op so ŉ wyse dat jy ŉ geesgenoot van God word. Dit is mos hoe goue kalwers aanbid word! Mense gaan so te kere dat hulle die geesgenote van die goddelikheid van hierdie kalwers word.

Die Gees van Christus se inwoning maak ons nie God se geesgenote nie maar maak dat ons Jesus Christus as Here en God aanroep. Mense wie mense is wie Christus alleen eer en vertrou as Here en God.

Bose geeste is altyd geeste wie uitgebeeld moet word!
Bose aanbidding is waar jy met jou aanbidding God se goddelike krag, mag en lewe in jou lewe en die wêreld moet uitbeeld. Jou aanbidding moet God se dooie beeld in jou uitbeeld as ŉ lewend God in die wêreld. Daarom is bose aanbidding ŉ aanbiddingswyse wat God in die wêreld moet teenwoordig maak.

Die Gees van Christus beeld nie Jesus as God uit nie. Christus is die Woord wat in die begin by God was, self God is en deur wie alle dinge geskep is. (Joh. 1:1 -3) Christus mag nooit as God uitgebeeld word nie. Dit is teen die wet van God om God as God uit te beeld.

Die Gees van Christus maak ons mense wie vir God heilig en reg wil leef, ons beeld mense se heiligheid en regverdigheid volgens God se wet uit, nie God se goddelikheid nie. Die Heilige Gees laat ons nie goddelike kragte, magte en lewens met ons lewe wil uitbeeld nie, maar menslike liefde volgens God se wet.

Bose geeste is altyd offer geeste!
In die tempel van Jerusalem was daar nie ŉ god wie offers moes kry nie. Daar was ŉ verbondsark met offers wat die Here gegee het wat wys dat Hy vir ons die offer sal wees.

Bose aanbidding is die aanbidding waarin mense hulself vir God opoffer! Hul lewe, hart, gees, kinders, besittings, gemeenskap, volk en nasie vir God opoffer deur dit tot niet te maak en weg te gee. Bose geeste is altyd offergeeste!

Die Gees van Christus is die Gees van liefde. Hy laat ons in die liefde en genade van God deel sodat ons onsself toewy in en met alles wie ons is oom God en ons naaste mee lief te hê. Liefde is aanbidding in waarheid en Gees.

Bose geeste is altyd geeste wat God herleef, vernuwe en transformeer.
Bose aanbidding wil altyd god anders en oor maak. God moet herleef word, vernuwe word en getransformeer word, die God van die “empire” moet ŉ volksgod word, die volksgod moet ŉ nasie-god word, die eng god moet ŉ grenslose god word, die ver god moet die intieme god word, die persoonlike god moet ŉ gesinsgod word.

Die Gees van Christus is nie ŉ gees wie God herleef, vernuwe en transformeer nie, maar sondaars wederbaar om Christus as Here en God te aanbid.

11. Die diepste misleiding wat in die Christelike kerke plaasvind deur die gees van afgodsdiens van Dan en Bet-El vandag is: jy moet na jy Jesus begin aanbid het die gees kry! Die gees wat jou met goddelike krag, mag, lewe nader aan God sal bring en beter vir God sal leef as Jesus Christus!

Dit word van 1860 af in die NG Kerk en feitlik in alle kerke wêreldwyd só verkondig! Jy moet eers vir Jesus aanneem. Wanneer jy vir Jesus aanneem word hy ŉ god binne in jou wat in jou lewe en gees inkom en binne in jou bly! Na sy Jesus binne in jou ingenooi het om ŉ god binne in jou te kom word wie binne in jou bly, het jy nog nie die krag, die lewe en die mag en naam van God nie! Met hierdie god binne in jou, het jy nog nie die vervulling of doop met God se Gees nie. Leef jy nog sonder die inwoning van God se goddelike gees wat jou met krag en lewe vervul!

Om hierdie goddelike gees binne in jou te kry, moet jy jouself heeltemal leegmaak, jou self, jou eie-ek, jou identiteit, jou selfbeheer heeltemal oorgee, opgee, prysgee en weggee sodat jy ŉ leë houer kan word om die gees van God binne in jou te kan ry wat jou sal volmaak! Jy moet ook die leë blyplek vir hierdie goddelike gees binne in jou word.

Dit word in die NG Kerk se amptelike evangelisasieliteratuur deur Bybelkor vandag nog steeds sedert 1860 net so soos ek dit hier vir u uitgespel het, verkondig.

Bose aanbidding deur ŉ bose gees van afgodsdiens, deur die afgodsbeelde en gees van die tempels van Dan en Bet-El! Wat vir hierdie afgod wat hulle sommer die naam Jesus voor gee, moet jy ŉ blyplek gee, jou hart, jou lewe, jou gees, jou binneste! Maar dan is hy nog ŉ dooie godsbeeld binne jou! Hy word eers ŉ lewende God wanneer jy vervul word met God se goddelike krag, mag, lewe en Naam.

En hierdie bose aanbidding deur die bose gees van afgodsdiens word deur die predikante en pastore voorgehou as die ware aanbidding in die gees. Lofprysing! “Praise and worship!” Hierdie bose gees van afgodsdiens word genome die Gees van Christus!

Kom ons breek met die geeste en aanbidding van Dan en Bet-El! Kom ons aanbid Jesus in Gees en waarheid deur sy Gees wat met ons woon! Kom ons aanbid die Here wie vir ons sondes gekruisig is as ons Here en ons God! Joh. 20:28 Kom ons verwerp die bose afgodsgees waar Jesus ŉ god is wat blyplek in ons soek en sy gees ons met goddelike krag, mag en lewe volmaak om goddelik te leef! Hierdie gees wat in ons wil inkom is ŉ bose gee, in die Naam van die inwoning van die Gees van Christus.